**Preek 17 Mei 2020.**

**Debora – Moeder van Israel – Profetes en Leier (Rigter)**

**Votum en Seën**

Gemeente die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

**Skriflesing**

Lees Rigters 4 vers 1 tot 10 (u kan gerus die res van die hoofstuk self verder lees)

| | |
|---|---|
| 1 | Na Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. |
| 2 | Die Here het hulle oorgegee in die mag van koning Jabin van Kanaän wat in Hasor geregeer het. Sisera uit Garoset-Gojim was die hoof van Jabin se weermag. |
| 3 | Hy het nege honderd ysterstrydwaens gehad en hy het die Israeliete twintig jaar lank verdruk. Daarom het hulle tot die Here geroep om hulp. |
| 4 | In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes. |
| 5 | Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê. |
| 6 | Sy het vir Barak seun van Abinoam uit Kedes in Naftali laat roep en vir hom gesê: “Die Here die God van Israel beveel jou: Trek met tien duisend man uit Naftali en Sebulon op na Taborberg toe. |
| 7 | Ek sal vir Sisera, die hoof van Jabin se leër, met sy strydwaens en sy leër na jou toe laat optrek tot by Kisonspruit en Ek sal hulle in jou mag oorgee.” |
| 8 | Barak het haar geantwoord: “As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie.” |

| | |
|---|---|
| 9 | Sy het vir hom gesê: “Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan 'n vrou uitlewer.” Toe het Debora klaargemaak en saam met Barak na Kedes toe gegaan. |
| 10 | Barak het vir Sebulon en Naftali daarheen ontbied. Tien duisend man het vir Barak gevolg, en Debora het saam met hom opgetrek. |

**Prediking**

Laurie Beth Jones skryf in Jesus CEO dat Bybelse leiers gewoonlik een van drie vure in hulle lewe ervaar het, wat van hulle leiers gemaak het.

Die eerste is die **brandende bos** ervaring – ‘n bonatuurlike ervaring waar iemand soos Moses geroep is.

Die tweede is die **brandende hart** ervaring – iemand wie se hart aan die bloei gegaan het vir ‘n land in nood soos Nehemia.

Die derde (wat nou aansluit by die tweede) is die **brandende land** ervaring, soos hier in Rigters 4 met Debora.

**JARE LANGE VERDRUKKING**

Israel is gekonfronteer met ‘n groot vyand. Sisera, die aanvoerder van die Kanaänitiese leër, het 900 ysterstrydwaens gehad waarmee hy die Israeliete kon intimideer.

Dit was aan die begin van die Yster tydperk in die Midde-Ooste, wat beteken dat die Kanaäniete regtig tegnologies gevorderd was vir die tyd.

Hulle kon wapens van yster maak, wat baie beter was as die brons waarvan Israel se wapens gemaak is. Met hulle skaarste aan goeie sterk wapens, laat staan nog ysterwaens, was Israel menslik gesproke nie opgewasse teen Sisera nie.

Dit het die Israeliete baie bang gemaak. Hulle het traag geraak om te reis.

As hulle êrens gereis het, as hulle nie anders kon nie, het hulle ompaaie gebruik. Die lewe buite die stede van Israel het agteruitgegaan.

Die boere het in sulke omstandighede swaar gekry en kon nie hulle lande bewerk soos hulle wou nie. Hulle het langs bergstroompies, in grotte en in ander ontoeganklike plekke gaan bly (6:2).

Hulle het regtig wegkruip-lewens gelei.

**Debora**

Sy was die leier van die volk.

As regter het sy geskille tussen die volk bygelê, daar waar sy onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-el gesit het.

As profeet het sy God se wil vir die volk uitgelê.

En in hierdie swaar tyd, wat twintig jaar lank geduur het, 'n tyd waar vrees en wanhoop geheers het, tree sy na vore as **"'n moeder in Israel"** en lei hulle na rus en vrede. Met moederlike sorg hou sy die wag oor die volk, en sorg sy dat God se belofte van oorwinning waar word in hulle lewens.

Let net op hoe sy te werk gaan:

- **Haar vertroue in God het die mense om haar met geloof gevul.** Sy het gewerk met die visie wat God haar gegee het dat dinge anders kon wees.
- **Sy kon aanpas by 'n bangerige Barak en sy het hom die moed gee** om ten spyte van sy vrees, die Israeliete in die oorlog te lei.
- **Sy kon strategies dink**, onder leiding van die Here, deur die Kisonspruit te kies as die plek waar die geveg sou plaasvind. En so, sonder dat sy 'n swaard optel, bewerk sy die oorwinning vir Israel.

**Die Veldslag!**

Die veldslag het plaasgevind by die Kisonspruit.

Interessant is dat in die verhaal in hoofstuk 4 self, net gesê word dat die Here Sisera en sy hele leër baie bang laat word het. So, bang dat sommige van die strydwaens afgespring het en te voet gevlug het.

Maar uit die lied wat Debora en Barak sing (hfst. 5), wil dit voorkom of daar iets baie ongewoons gebeur het, iets wat hulle groot vrees verklaar. Hulle sing in vers 4-5 dat

die aarde gebewe het, die hemel reën gegee het, die wolke strome water gegee het, en dat die berge weggesmelt het voor die Here.

En in vers 20-21, word vertel van die sterre wat uit hulle bane gewyk het en die Kisonspruit wat die vyand meegesleur het.

Nou, dit is ‘n gedig waarin met beeldspraak gepraat word.

- Maar dit kan wees, dat iets daarvan ook letterlik gebeur het. Miskien was daar ‘n geweldige wolkbreuk, en ‘n aardbewing by die Kisonspruit, wat ‘n groot vloed veroorsaak het.

Daarom dat die lied so sterk en duidelik stel, dat hierdie oorwinning van God af gekom het.

**Die Israeliete het hulle hart uit baklei, hulle het die leër van Sisera verslaan, sodat daar nie eers een oorgebly het nie.**

## Maar die oorwinning het aan die Here behoort.

**Die rol van Jael**

**‘n Tweede vrou** speel egter ook ‘n groot rol, **Jael**, wat uiteindelik vir Sisera doodmaak.

Nou haar storie is ook interessant.

Sisera vlug vir die Israeliete en kon skaars sy “geluk” glo toe hy die tent van Jael sien.

**Jael is dié vriendelikheid self, en volgens die gasvryheidsgebruike van daardie tyd, nooi sy die vreemdeling in haar tuiste in. Met haar uitnodiging bied sy aan hom ‘n veilige hawe. Wat meer is, sy versteek hom van die buitewereld wanneer sy die tentdoek oor die opening laat sak …**

**Met die woorde wat ‘n moeder vir haar kind sou sê, troos sy hom: Moenie bang wees nie. Sisera – doodmoeg na die geveg en die vlug te voet, emosioneel afgetakel deur die skande van nederlaag – en hy val in ‘n diep slaap.**

**Dit is presies waarvoor Jael gewag het. Sy tel ‘n tentpen en ‘n hamer op, bekruip as’t Sisera … Sy lig die hamer, en kap die tentpent dwarsdeur die slaap van sy kop met soveel krag dat sy sy kop in die grond vasslaan. En Sisera sterf in sy slaap …**

**Die hoogtepunt van die verhaal is wanneer Barak daar aangehardloop kom, steeds besig om na Sisera te soek. Jael, die onbekende vrou iewers in 'n tent op die vlakte, kan na die "dapper" generaal toe gaan, en ewe koel aankondig dat sy die man het wat hy soek! En toe Barak by die tent instap, sien hy Sisera daar dood lê met 'n tentpen deur sy slaap.**

**Familie en vriende**

Rigters 4 wys vir ons hoe

- **Debora deur die brandende land aangevuur word om leierskap te openbaar. Wat sy gesien het en wat sy gehoor het van haar land terwyl sy as profetes vir hulle opgetree het, het haar oortuig dat iets gedoen moes word.**
- **Dit laat haar vir Barak roep en aan hom die opdrag van die Here oordra. Dit laat haar strategies betrokke raak om met wyse raad die gang van die oorlog te bepaal.**
- **Dit laat haar saamgaan toe Barak dit van haar vra. En dít laat haar sing (Rigters 5) van die oorwinning wat God gebring het.**

En let op: wat Rigters 4 vir ons sê is iets wat suiwer afhang van wat gehoor word, wat gesien word en hoe daarop voor die Here gereageer word. Dit is wanneer die hart se vuur aangesteek word om die Here se wil in 'n krisissituasie te doen.

God gee dieselfde beloftes en voorsiening vir jou en my vandag. Net so is God se beloftes vandag vir jou en my nog steeds geldig.

**Debora sien ons het 3 dinge gedoen.**

- **Sy het na God se stem geluister en dit vir die volk as profeet geïnterpreteer.**
- **Sy het gekonsentreer op dié mense wat sy saam met haar kon neem, Barak en die 6 stamme wat die oproep gehoorsaam het. En**
- **Sy het gesorg dat die planne wat die Here haar gegee het, geïmplementeer is, deur Barak na die Kisonspruit te begelei.**

**So kan ons weet dat wanneer die Here saam met ons is in die geveg, Sy plan nooit sal misluk nie.**

**Net soos Wat God vir Aaron en Hur gebruik het om Moses te ondersteun so het Hy vir Debora gebruik nie net as ‘n leier vir die volk nie maar as iemand op wie Hy kon staatmaak in krisis tye en so ook om dan vir Barak wat hierdie volk van die Here moes gaan lei het in die veldslag teen die Kanaänitiese leër - moed te gee om met oortuiging te gaan veg by kisonspruit.**

**Kom ons wees eerlik met mekaar. Elkeen van ons lewe soms in vrees. En dan wanneer ons in hierdie vrees lewe sukkel ons om te luister na die stem van ons Herder wat sê: Kom na my toe almal wat oorlaai en moeg is,**

- **Ek die Here jou God sal jou vrede en rus gee by die groen weivelde,**
- **Ek die Here jou God sal saam met jou wees al die dae van jou lewe,**
- **En elke geveg staan Ek die Here jou God gereed om saam met jou te veg.**

**Ek los julle met hierdie een versie vanoggend**

**Joshua 1:9 dit stel so:**

**Ek self, gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”**

**Gebed**

**Seengroet**

Mag die Here ons seën en ons beskerm;

Mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees;

Mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee”.